# God se wil 2

**Rom. 12:1** "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.
:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, **sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is."**

In **elke situasie** moet ons onsself afvra, **wat weet ons** van God se wil af. **Wat weet ons** omtrent God se wil vir daardie **spesifieke situasie**. Waar **leer ons** omtrent God se wil?

**In Sy Woord**, dit is daar waar God die **riglyne vir ons lewens** neergelê het. Daarom is dit noodsaaklik om **God se Woord te raadpleeg** voordat ons **enigeiets doen**.

Tog is daar egter dui**sende mense** wat baie **belangrike besluite** neem, en **baie dinge doen sonder** om God se wil te raadpleeg. Dit is waarom daar so **baie verdriet vandag** in die wêreld is.

Tog is dit **nie moeilik om uit te vind** wat God se wil is nie.

Die Here het vir ons **ses bevele** gegee om te gehoorsaam. Indien ons hieraan **gehoorsaam** sal wees, sal ons ontdek wat God se wil vir **elke spesifieke situasie** sal wees.

Hierdie ses dinge moet **deel van ons lewens wees**,dit moet 'n **tweede natuur** by ons wees, dan sal **ons weet** wat God se wil vir ons is; en wat Sy wil in **elke situasie** is.

1. Eerstens is dit God se wil dat **ons gered moet** word.

**2Pet. 3:9** "maar Hy is lankmoedig oor ons **en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie**, maar dat **almal tot bekering moet kom**."

God wil hê, dat ons **almal tot Hom sal bekeer**. God se wil is dat **alle mense vir ewig** by Hom sal wees. Dit is **teen God se wil** dat enige mens **verlore** moet gaan.

**Matt. 18:14** "So is dit **nie die wil** van julle Vader wat in die hemele is, dat **een van hierdie kleintjies verlore gaan** nie."

Al ag u **uself ookal hoe gering**, dit is nie God se wil dat **u verlore moet gaan** nie.

Indien ons God se wil ontdek, is die **eerste stap om gered** te word. Indien ons nie **weerdergebore** is nie, help dit nie om te **probeer uitvind** wat God se wil vir ons **omstandighede** is nie.

Dit is 'n **voorvereiste dat ons gered** moet wees. Dan sal ons **God se plan**, en **God se doel** vir ons **lewens ontdek**.

2. Wanneer **ons gered is**,sal ons deur Sy **Woord** en deur Sy **Gees beheer** en **gelei** word.

**Gal. 5:16** "Maar ek sê: **Wandel deur die Gees**, dan **sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring** nie;"

Die **Gees werk vir God** se wil, die **vlees werk teen God** se wil.

**Ef. 5:17** "Daarom moet julle **nie onverstandig wees nie**, maar **verstaan wat die wil van die Here is**.
:18 Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die **Gees vervul**."

Hierdie is sekerlik een van die **heel belangrikste opdragte** in die Bybel. Moenie deur die **Wyn beheer** en **gelei** word nie, maar word deur God se **Gees beheer** en **gelei**.

En tog is daar vandag **derduisende mense wat ongehoorsaam** aan hierdie Woord is.

Vers 17 sê, as jy nie met **God se Gees vervul** is nie, dan is jy **onverstandig**.

Baie mense dink die **invulling** met die **H.G. is opsioneel**. Baie mense **soek opreg na God se wil**, maar hulle **besef nie**, dat ons eers met die **H.G. vervul** moet word **voordat ons God se wil kan ontdek** nie.

Hoe word ons met **die H.G. vervul**?

By **bekering** ontvang ons alreeds die **H.G.**

**Joh. 20:22** "En nadat Hy dit gesê het, **blaas Hy op hulle** en sê vir hulle: **Ontvang die Heilige Gees**."

**Wedergeboorte** is die gevolg van die feit, dat **Jesus op ons geblaas het**. Omdat Jesus **op ons geblaas** het, daarom het ons tot ons **sinne gekom** en ons tot Hom **bekeer**.

Niemand kan **tot bekering kom**, alvorens God nie **op hom blaas** nie.

Maar ons moet ook deur **God se Woord vervul** wees.

**Kol. 3:16** "Laat die **woord van Christus ryklik in julle woon** in alle wysheid."

**Sonder God se Woord**, sal ons **nie vir baie lank** met **Sy Gees vervul** bly nie. Sonder **tyd met God se Woord**, sal ons **nooit Sy wil** vir ons lewens **ontdek** nie.

Ons kan net **voortdurend deur Sy Gees beheer** word, indien ons **voortdurend Sy Woord bestudeer**.

Indien jy met **God se Gees vervul wil wees**, moet jy eers **God se Woord toelaat** om jou **hele lewe te vul** en te **lei**.

Die **Woord** en die **Gees** kan nie van **mekaar geskei word** nie, want Joh. 1 sê uitdruklik: "**Die Woord is God**" en Joh. 4: 24 sê: " **God is Gees**."

Een **God**, een **Woord**, een **Gees**. **God is Een**. Sy **Woord is** een, **Sy Gees** is een.

Indien **Sy Gees ons harte vul**, sal **Sy Woord ons gedagtes vul**.

Baie mense neem **verkeerde besluite** en **doen nie God se wil nie**, omdat hulle **gedagtes vol** van die **wêreld** en vol van hulle **vleeslike natuur** is. Hulle **gedagtes is nie vol** van God se **Woord** nie.

Hulle is nie **ongelowig** nie, maar hulle **gedagtes** is nie **vol van God se Woord** nie. Wanneer ons **Gedagtes** met God se **Woord vervul** is, sal die **sonde** nie meer vir ons **so aantreklik** wees nie.

Wanneer ons **gedagtes vol** van God se **Woord** is, sal ons l**eer** wat God se **wil** is.

**Jes. 55:8** "Want **my gedagtes is nie julle gedagtes nie**, en **julle weë is nie my weë nie**, spreek die HERE."

Omdat ons **nie weet** wat is **God se gedagtes** nie, daarom **wandel** ons nie volgens **Sy wil** nie. Ons moet God se **Woord ken**, dan sal ons Sy **gedagtes ken** en sal ons weet wat **Sy weg** vir ons is.

3. Dan sal ons **God liefhê** en ons aan **Sy wil onderwerp**.

Stel julleself as 'n **lewende** en **heilige** en aan God **welgevalle offer**." Ons moet onsself **aan God onderwerp**, ons moet **onsself offer**.

Ons moet God so **liefhê**, dat ons **bereid sal wees** om **onsself** aan Hom te **ondewerp**.

Kyk maar reg deur die Bybel na mense soos: Abraham, Isak, Jakob, Danïel, petrus, Paulus, Jakobus, Johannes;…..hulle het die **wil van die Here gedoen**, omdat hulle **lief was vir die Here**.

Liefde is iets **wat groei**, en ons **liefde vir God groei** deur **tyd met Sy Woord** deur te bring. Ons kan nooit vir iemand **lief wees**,as ons nie **tyd saam met die persoon spandeer** nie.

**Ps 32:8** "**Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan**; Ek wil **raad gee**; **my oog sal op jou wees**."

**Jes. 30:21** "**en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê**: **Dit is die weg**, **wandel daarop**! wanneer julle **regs** of wanneer julle **links** wil gaan."

Wanneer ons van die **smal pad afdwaal**, sal ons **God se stem hoor** wat ons **terugroep** en baie male roep God ons **deur Sy Woord**.

Wanneer ons **lief is vir die Here** en Sy **Woord ken**, sal ons ook **Sy stem hoor** en **herken** wanneer **Hy ons roep**. Ons sal **nooit die stem** van 'n **vreemdeling herken** nie.

En baie maal is dit die **rede** hoekom ons nie meer **God se stem hoor** nie, want Hy het vir ons 'n **vreemdeling** geword.

God wil ons **onderrig**, God wil ons **leer** en vir ons **raad** gee, en daarom moet ons **Sy Woord bestudeer**.

God sal **nie Sy wil aan ons openbaar**, indien **Hy weet** ons gaan **ongehoorsaam** wees nie, maar **God openbaar Sy wil aan die** wat Hy daarmee **kan vertrou** en wie **Hy weet, hulle sal dit uitvoer**.

Geliefdes die **pad waarop God ons lei**, is verseker **beter** en **veiliger** as die **pad wat ons self sou loop**.

Die **beste ding** wat ons in **hierdie lewe kan doen** is om ons aan **God se wil te onderwerp**. Dalk lei Hy ons nie **soos ons dit wil hê** nie, maar **God weet beslis beter as ons** wat vir ons **die beste** is.

4. God sal ons leer wat dit beteken om **heilig te lewe**, om **afgesonder** vir Hom te lewe. Wanneer ons ons aan **Sy wil onderwerp**, sal ons ook **heilig lewe**, ons sal onsself vir **God afsonder**.

**1Thess. 4:3** "**Want dit is die wil van God: julle heiligmaking**; dat julle jul moet onthou van die hoerery;
:4 dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in **heiligheid en eer**,
:5 nie in **hartstogtelike begeerlikheid** soos die heidene wat **God nie ken nie**;
:6 dat niemand sy broeder in hierdie saak moet **bedrieg** en **benadeel** nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het.
:7 Want God het ons **nie tot onreinheid geroep nie**, maar **tot heiligmaking**."

Bly weg van **alle onsedelikheid**. Ons moet nie deur ons **drange** en ons **begeertes oorweldig** word nie.

Indien hierdie sondes al in **die eerste eeu na Christus** 'n probleem was, dink net wat **watse probleem dit vandag** vir ons inhou. **Onsedelikheid** speel 'n **baie groot rol vandag** in die **menslike kultuur**.

Kyk maar na die **atvertensies**, **boeke**, **T.V.** en **films** wat vandag die **aanvaarbare norm** geword het.

Die liggaam moet 'n **rein** en **welgevalle offer** aan God wees, maar die **meeste vrouens se liggame** het 'n **offer aan Satan** geword, daarom word dit **naak** en **ontbloot** op elke **straathoek geatverteer**.

Die liggaaam van die vrou het **'n reklame seksfiguur** geword, **in diens** van die **geldgod**; **Mommon**.

Die **Here** wil ons **liggame hê**, daarom beveel Hy, dat ons ons **liggame** aan **Hom alleen sal toewy**.

**Reg deur ons lewens**, **elke dag** moet ons **kies** wat ons met **ons liggame gaan doen**, en tot **wie se eer** en **voordeel** ons dit gaan **aanwend**. In wie **se diens** ons dit gaan **gebruik**.

In **God se diens** of tot **voordeel van die Satan**.

Ons moet besef, dat elke mens **self kan bepaal** of hy vir die **Here wil lewe** en of hy vir die **verderf wil lewe**, dit is 'n **vrye keuse** wat God aan die mens gestel het.

Ons moet nie deur **hartstog** en **wellus** en **begeertes** gedryf word, soos hulle wat **God nie ken nie.** Hierdie dinge speel 'n **groot rol** in die **lewe van vandag**, dit word oral na vore gebring en aangemoedig.

Dit word in ons **kele afgeforseer**. Elke **artikel** en elke **storie** gaan gepaard met **onsedelikheid**. Daar is **drie dinge** wat die **wêreld oorheers** en dit word geweldig deur die **media bevorder**, en dit is:

**Seks**, **drank** en **dobbel**.

Die kind van die Here wat **heilig wil lewe**, moet **wegvlug** van hierdie dinge af, ons moet die **wellus** en die **onsedelikheid uit ons gedagtes verdrywe**, en ons **gedagtes vul met God se Woord**.

Geliefdes, ons moet **eerlik** en **opreg** wees omtrent hierdie dinge. Paulus sê, ons moet nie mekaar in **hierdie saak bedrieg** nie.

5. Wanneer ons aan **God gehoorsaam is** en ons aan **Sy wil onderwerp**, sal ons ook aan **elke gesagstruktuur gehoorsaam wees** en ons daaraan **onderwerp.**

**1Pet. 2: 13 – 25** **Lees!!!**

God **se wil vra** van ons om **gehoorsaam** te wees aan die wat oor ons **aangestel** is, en dit sluit in dat ons **alle landswette** gehoorsaam sal wees, en dat ons ook aan ons **werkgewers** gehoorsaam sal wees, al is hulle self baie keer **ongered** en **verkeerd**.

Wanneer ons **ongehoorsaam is** aan die landswette en die **wet oortree**, dan **belemmer dit ons Christelike getuienis**.

Dit beteken nie dat God al die **wette goedkeur nie**, daar is **wette wat nie volgens God se wil is nie,** dink maar aan **aborsie.**

**maar nogtans verwag die Here, dat ons ondergeskik** aan die **owerhede** sal lewe. Dit verseker vir almal 'n veilige lewe. Daarom is ons land **nie meer veilig nie**, want die mense **onderhou nie meer die wette nie**.

6. Laastens moet ons **in alles dankbaar** wees.

**1Thess. 5:18** "**Wees in alles dankbaar**, want dit is **die wil van God in Christus Jesus oor julle**."

Baie duidelik moet ons 'n **dankbare lewe in Christus Jesus lei**.

Ons moet **in alles dankbaar** wees. Geen mens is van **nature dankbaar** nie. Eers wanneer ons **met God se Gees gevul** word, weet ons wat dit beteken om **werklik dankbaar** te wees.

Mense is lief om **hulleself jammer te kry** en oor **alles te kla**, dit is gewoontevormend, maar indien ons **in God se wil lewe** moet ons hierdie **gewoonte verander** en in **alles dankbaar** wees.

‘n Dankbare hart moet **prioriteit** in ons lewens wees. Indien ons **ondankbaar** is teenoor die Here, maak ons die **deur van ons harte toe** om God se wil in ons **harte te ontvang**.

Ons moet in **alles dankbaar wees** en ons **hartsdeure** en **vensters** vir God **oopmaak**, sodat Hy kan **inkom** en ons **lewens kan sëen**.